

Wat het die stigting van SAWA voorafgegaan?

Hier onder volg 'n opsomming van korrespondensie wat gevind is ter insae wat die gemoed en aksies vasvat in die maande wat die stigting van SAWA vooraf gegaan het.

1. 22 Februarie 1969.

Verslag by die Algemene Jaarvergadering Pretoria Tak van die N.W.U. (wat verander is, met goedkeuring, Ope Vergadering onder voorsitterskap van Oom Kassie Kasselmann) ingedien is, was die volgende punte wat aan die Nasionale Raad gegee is as punte wat krapperigheid veroorsaak:

1. Geen finale Grondwet
2. Geen vrye verkiesing van die Nasionale Raad.
3. Geen gereelde Finansiële State.
4. Geen gereelde Algemene Jaarvergaderings.

2. 3 Mei 1969

Brief van Oom Kassie aan die Voorsitter Johannesburg Tak van die N.W.U. Alhoewel die afskrif aan Johannesburg gestuur is was dit ook aan alle voorsitters en sameroepers van takke gestuur.

Hy verwys na bogenoemde verslag. Daar is 'n Aksie Komitee gestig wat bestaan uit: Mnre. J.F. Schnetler (Nigel), R.M. Brusaporce (Pretoria) en J.E. Kasselmann (Pretoria). Die komitee is aangewys tydens die vergadering in Fonteinedal op 22 Februarie 1969.

Daar word kaspie gemaak oor die feit dat die verslag in sy geheel geïgnoreer is deur die Nasionale Raad en dat die komitee gewag het tot 19 April 1969 voordat hulle tot aksie oorgegaan het. Volgens die Aksie Komitee is daar niks binne die wet wat gedoen kan word nie asook dat 'n siviele geding ook nie wenslik is nie omdat daar nie fondse voor is nie.

Van die gevolgtrekkings waar toe die Aksie Komitee geraak is:

1. Lede geen seggenskap binne die N.W.U. het nie.
2. Daar geen Algemene Jaarvergadering, waartydens 'n lid sy reg kan uitoefen, gaan plaasvind nie.
3. Die voortbestaan van die N.W.U. (soos oorspronklik voorgestel is) en elk geval in die gedrang is.
4. Stel voor dat lede individueel asook takke hul verbintenis met die N.W.U. verbreek maar die besluit berus by die voorgenoemdes self.

In 'n voet nota skryf Oom Kassie dat Tak Pretoria sekerlik nie lede van die Nuwe Maatskappy sal word nie.

Dit wil voorkom of onderliggend tot die voorgenoemde ander kwessies soos besit van die woonwaparke asook winsbejag 'n doring in die vlees was. Die lede wou 'n vrywillige ontspannings vereniging hê soos dit blyk in die ondertoon van ander korrespondensie wat onder oë was.

3. Geen Datum - Omsendbrief aan alle lede van die N.W.U.

Hier word groot gewag gemaak van die feit dat onder handelings tussen die persone wie optree as die trustees, Mnre. P.W. Havenga, I.Britz en R.D.N. Eksteen en J.Bernard (nie lid van N.W.U.) ooreengekom het dat die terstigte maatskappy, Woonwa Safaries (Edms.) Bpk., die Nasionale Woonwa Unie oorneem. (Dit is nie duidelik watter proses gevolg is nie en of die lede hierin geken is nie). Al die voorgenoemde here het ook ingestem om op die direksie van die maatskappy te dien.

Daar word groot gewag gemaak van die nie betrokkenheid by die klein groepie persone wat daarop uit is om die N.W.U. oor te neem. Alle lede word in elk geval outomaties lede van die Woonwa Safaries (Edms.) Bpk. m.a.w. die Woonwa Unie se naam word verander na die van die maatskappy.

Die sogenaamde voordele wat die maatskappy sal inhou is as volg:

1. Eie woonwaparke vir lede.
2. 'n Posbestellingsdiens
3. Georganiseerde toere
4. 'n Koop- en verkoopdiens van woonwaens
5. 'n Besprekingsdiens vir vakansieoorde
6. 'n Omvattende en volledige gidsboek vir woonwa-toeriste.
7. Roetekaarte en besonderhede i.v.m. woonwaparke
8. Ruskamers in sekere groot stede (met bygaande parkeerfasiliteite)
9. Tegniese of ander hulp of inligting aan lede
10. Enige nuwe diens wat na gelang van behoeftes en omstandighede tot voordeel van lede ingestel mag word.

Aankondiging: Alle takke van die N.W.U. verval nou en dat alle lede deur een kantoor bedien sal word.

Daar was ook beoog om agentskappe vir die maatskappy dwarsdeur die land op te rig en word 'n beroep op alle lede gedoen om die maatskappy uit te bou tot 'n groot en daadwerklike organisasie.

4. 8ste Mei 1969 – brief vanaf Oom Kobus Vorster aan Woonwa Safaries (Edms.) Bpk.

Oom Kobus verklaar dat hy, in antwoord op die ongedateerde en onondertekende omsendbrief, hom op geen wyse verbonde of gebonde ag aan die maatskappy nie.

“Aangesien die N.W.U. ‘n “Unie” van lede was, beskou ek die optrede van die here na wie u verwys as troubreuk teenoor die lede van die beweging en sodanige burokrasie geval my nie.” Hierdie woorde van Oom Kobus is ‘n goeie weerspieëling van die gevoel jeens die maatskappy van die lede. Dit wil voorkom of die ‘Unie” gekaap is.

5. 16 Mei 1969 – Brief van Oom Martiens Bekker (Voorsitter – Tak Oos-Rand) aan die Voorsitter – Nasionale Woonwa Unie.

Die vorming van die maatskappy word hierin gekap synde verkeerd te wees:

1. Alle lede individueel moet toestem tot die oornam van die unie deur die maatskappy.
2. Dat die N.W.U. in wese nog steeds bestaan en sal bestaan solank as daar lede is wat dit wil hê.
3. Die maatskappy wat in die omsendskrywe aan die Tak genoem word nie aan die Tak bekend is nie en dat die Tak hom in elk geval daarvan distansieer. Die maatskappy het geen reg om die lede van die “Unie” aan homself toe te eien nie.

‘n Eis word gestel dat alle lede van die “Unie” in kennis gestel word dat dit nog steeds bestaan. Ook moet ‘n nuwe nasionale bestuur gekies word.

“Ons is almal bewus dat ons doelstelling ‘n sosiale beweging is, van grootliks Afrikaanssprekendes vir die bevordering van die woonwaganger en sy sosiale- en ontspanningsaspekte, sonder winsbejag.”

6. 26 Junie 1969 – Brief van Oom Martiens Bekker aan al die Voorsitters van die “Unie”

Alle voorsitters is in kennis gestel dat ‘n vergadering gehou sal word te Nigel op 26 Julie 1969 ten einde ‘n bestuur aan te wys en te herorganiseer. Die vergadering was beplan om plaas te vind te Nigel Stadsaal om 10.00 die oggend. Volgens ‘n voetnota was die belangstelling in die vergadering belowend.

7. 29 Julie 1969 – Ope brief van Oom Kobus Vorster aan alle Woonwagangers.

Die skrywe verwys na die vergadering wat plaasgevind het om 10.00 te Nigel op die 26ste Julie 1969. Oom Kassie Kasselman het opgetree as voorsitter by die geleentheid.

Die volgende besluite is geneem:

1. Dat daar daadwerklik oorgegaan moet word tot die voorbereidingswerk vir die volbring van die ideaal nl. Die stigting van 'n Afrikaans georiënteerde vereniging vir woonwagangers, sonder winsbejag.
2. 'n Tussentydse komitee is gekies met die oog op die stigting van so 'n vereniging. Die komitee wat verkies is, is Mnre. J.A. Vorster (Sameroeper), J.E. Kasselman, M.J. Bekker en J.F. Schnetler. Hulle opdrag was om:
 1. Konsepsgrondwet op te stel vir die ter stigte vereniging.
 2. Ooreenkoms aan te gaan met 'n versekerings maatskappy.
 3. 'n Maandelikse mondstuk daar te stel. (Hier is daar onderhandel met die Caravan tydskrif)
 4. Naam vir die ter stigte vereniging te kies – lede is gevra vir insette.
 5. Kontak te maak met soveel as moontlik van die oud lede van die "Unie".
3. Daar is alreeds by die vergadering in Nigel besluit dat die vereniging gestig sal word tydens 'n saamtrek wat sal plaasvind te Murray Park, Springs die naweek van 10 – 12 Oktober 1969. Die skrywe het ook gedien as amptelike kennisgewing van die vergadering wat sal plaasvind gedurende die saamtrek. Lede word weereens gevra om 'n gepaste naam vir die vereniging voor te stel.

8. 3 September 1969 – Brief vanaf Woonwa Safari's (Edms.) Bpk. aan alle lede.

Weereens word die maatskappy genoop om 'n omsendskrywe aan alle lede te rig om die "rebelle" hok te slaan. Die maatskappy benadruk die feit dat die omsendskrywe van die "rebelle" verwarring saai en nie afkomstig is van die maatskappy nie. Hierdie persone (rebelle) het dit ten doel om tweespalt te saai. Daar word ook breedvoerig verduidelik dat:

1. Die groepie persone 'n nuwe beweging wil stig.
2. Die name en adresse wat deur die persone gebruik word, afkomstig is van die tydskrif (Woonwa) en nie deur die maatskappy voorsien is nie.

3. Die voormalige Nasionale Woonwa Unie deur die maatskappy oorgeneem is. Die maatskappy nog steeds 'n Afrikaans georiënteerde organisasie.
4. In die oornam van die Unie dit op so 'n wyse geskied het dat die lede die minste verontrief is. Net die naam het verander.
5. Alle lede van die Unie outomaties lid word van die maatskappy en dat lede geld nog steeds R5.00 is.
6. Aangesien die "Woonwa" nie meer bestaan nie daar na die "Caravan" oorgeslaan word.
7. Daar 'n groot toekoms op die maatskappy wag. Daar word nie ydele bewerings of beloftes gemaak nie.
8. Lede nie by die polemie of twis betrokke moet raak nie. Wees gewaarsku dat 'n mens soms soek na iets beter dan kry net die teenoorgestelde.
9. Sentiment is soms goed maar dit vul nie altyd 'n mens se sak nie.

9. Saamtrek program vir die naweek van 10-12 Oktober 1969.

Bo en behalwe die normale aankoms en verwelkoming die Donderdag 9 Oktober is lede versoek om ander te help kamp opslaan waarna koffie gedrink is en kennismaking van nuwe bure.

Vrydag is voorsiening gemaak vir ontbyt met die amptelike verwelkoming om 15.00 waarna daar boeresport, speletjies en 'n kragvertoning aangebied is. Om 19.00 is 'n verslag vergadering gehou.

Saterdag is al vroegoggend tyd ingeruim vir uitstappies, swem, bootry en inkopies. Daar is ook 'n Krugergedenksteen onthul. Die stigtings vergadering het om 14.30 begin. 17.00 vind almal aan die braai met 'n kampvuurkonsert wat om 19.30 gehou is.

Sondag oggend is daar koffie gedrink tussen 6.00 en 7.00 wat genoem is Pajama-koffie gevolg deur 'n kerkdiens. 10.30 was dit weer koffie tyd. Middag ete is om 13.00 gehou waarna gegroet en vertrek is na willekeur.

10. 15 Oktober 1969 – brief aan die woonwagangers – Oom Kobus Vorster.

Deur die skrywe is daar verslag gedoen van die gebeurtenisse te Murray Park. Die stigting het plaasgevind tydens 'n vergadering wat goed bygewoon is. Die naam vir die nuwe vereniging wat gekies is, is Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie. Die Grondwet wat voorgelê is, is goed gekeur. Die "Motorgids" word aangewys as die amptelike mondstuk. Woonwa versekering is vasgemaak en die minimum premie is R10.00. Die lede geld is vasgestel op 5.00. Die wapen was op daar die tydstep in wording.

Die eerste dagbestuur wat die dag verkies is:

Mnr. J.E. Kasselman – Voorsitter.

Mnr. J.A. Vorster – Onder Voorsitter

Mnr. M.J. Bekker – Sekretaris

Mnr. A.M. Botha – Penningmeester.

Die ledetal was met die wegspring 48 gewees.

Dank word uitgespreek teenoor lede wat nie net hul ledegeld betaal het nie maar ruim skenkings gemaak het.

So het die organisasie waarvoor ons lief is sy beslag gekry en in tussen baie uitgebrei. Geen een van die wat teenwoordig was by die stigtingsvergadering se stoutste verwagtinge kon voorsien dat die vereniging wat hulle daardie dag gestig het na 48 jaar met 'n bietjie aanpassing nog sterk galop op die pad wat hulle daardie dag daar gestel het. Die hoofrede kan verseker gesien word in die Christelike beginsels waarop die assosiasie rus en beginsel vas nagevolg word.

Dank aan die Hemelse Vader daarvoor.



Foto van stigterslede:

Jan en Maria van Niekerk, Koos Ballot, Coert en Sarie Grobbelaar, Dick en Tannie Powell, Chris en Barbara Pienaar, Martiens en Maryna Bekker, Kobus en Daphne Vorster.

Die oorspronklike program van die stigtingsaweek.

WOONWASAAMTREK OOS-RAND.

PROGRAM VAN SAAMTREK TE MURRAYPARK SPRINGS, 10-12 OKTOBER 1969.

DONDERDAG 9 OKTOBER.

Aankoms van Lede en hulle gaste, kamp opslaan en verwelkoming van lede soos hulle opdaag deur Kampkommandant.

Lede moet asseblief na kamp opgeslaan is nuwe aankomeling behulpzaam wees. Daarna koffie drink en kennis maak met die bure.

VRYDAG 10 OKTOBER.

Verdere aankoms van woonwaens.

Daarna - ontbyt vir die gelukkiges wat reeds gevestig is.

Daarna - Klaar afsaal, vere regskud, en ontspan na willekeur. Swembad saloop wees vir die braves. Ons ander help keel natmaak vir die vriende van die lang pad en help kamp opslaan. Ontspan en geniet.

3 nm. - Amptelike verwelkoming.
Daarna word gesamentlike tee en koffie geniet - boeresport, speletjies en kragvertoning.
Bring streepsakke en idees vir boeresport saam.

7 nm. - Verslagvergadering.

SATERDAG 11 OKTOBER.

Voormiddag - Uitstappies, swem, bootry en inkopies.

11.45 - Bywoning onthulling van Krugergedenksteen.

2.30 nm.- Stigtingsvergadering.

5 nm. - Vure word vir braaivleis aangesteek.
Ons verskaf die vure - u die res - bring en braai, eet en geniet saam.

7.30 nm. Kampvuurkonsert - bring instrumente en talente saam.

10.30 nm. Stilte - gaan slaap.

SONDAG 12 OKTOBER.

6 vm.-7vm. Pajama-koffie en boerebeskuit.

Oggenddiens. Tyd sal daar afgekondig word.

10.30 vm. Tee of koffie. Daarna - luier, kuier en koskook.

1.00 nm. Middag ete.

Daarna - Groet en vertrek na willekeur.

x x x x x x x x x x

WENKE:

- 1). Motorbote nie toegelaat nie.
- 2). Braaivleisvure alleen op aangewysde plekke.
- 3). Oppas vir snelstrikke.

Onthou u geliefdes - ry versigtig en voorspoed totdat ons weer bymekaar kom.

HIERDIE PROGRAM IS ONDERWORPE AAN WYSIGINGS SOOS OMSTANDIGHED

TOELAAT.